Gobabis Gymnasium
"EXCELLENCE"

P O Box 304, GOBABIS
Tel: +264 62 564771
E-Mail: gymna@iway.na
Website:
www.gobabisgymnasium.com

15 Januarie 2026

SKAKELOUERS 2026

A. Aanstelling en bedanking van skakelouers:

1. Skakelouers val onder die Direksielid verantwoordelik vir **Funksies en Projekte**.
2. Skakelouers kan aanbied om as skakelouer te dien, of kan deur ander ouers, die Skoolhoof of ‘n Direksielid genader word om as skakelouer te dien.
3. Indien ‘n skakelouer bedank moet hy/sy reeds ‘n volgende skakelouer genader het.

B. Die skool verskaf aan skakelouers:

1. Nuwe klaslyste en kontakbesonderhede van huidige ouers en nuwe ouers.
2. Ondersteuning aan die skakelouers om onderwysers te kom sien indien jy ‘n afspraak wil maak oor inligting rakende funksies of reelings.
3. Tyd om gelde / artikels in te samel of te kollekteer waar nodig.
4. Voldoende inligting en terugvoer van komitees verantwoordelik vir fondsinsamelings / funksies .
5. Ondersteuning en bystand van die personeel om skakelouers se hande te vat en ten volle by te staan.

C. Pligte en verantwoordelikhede:

LET WEL: Inligting wat uit gestuur word gaan nie deur Skakelouers nie. Dit kom of van die Gobabis Gymnasium, Lizette Swart of Mnr Verrall se nommer af. Verkieslik die Gobabis Gymnasium nommer: **+264 81 775 1085**

1. Skakelouers se hoof verantwoordelikheid is help met die reël van funksies en projekte.
2. Skakelouers se ander verantwoordelikhede/pligte is:
   a) Gesonde kommunikasie tussen ouers, skoolbestuur en onderwysers.
   b) Verwys ouernavrae rakende onderwysers en akademie eers na Skoolhoof en indien nie voldoende hanteer, na betrokke direksie portefeulje.
   c) Gebruik eie inisiatief rakende verjaarsdae, uitstappies en dankie sê geskenke.
   d) Ko-ordineer funksies en maak ouers en kinders betrokke.
   e) Rig navrae aan die betrokke persone of organiseerders van die skool, sou navrae opduik.
   f) Dien as skakel tussen klasgroep, onderwyser(es) en ouers vir hulp rakende:
      - Inligting wat uitgaan en inkom;
      - Funksies / Entrepreneursdae / Fondsinsamelings
      - Sportdae
      - Kultuurdae

WE ARE PROUDLY ASSOCIATED WITH Gobabis TOYOTA


- Prysuitdelings

g) Wees betrokke by funksies / fondsinsamelings en woon dit so ver as moontlik by.

D. Voorstelle vir Skakelouergroep

1. Die groep is nie ‘n kletsgroep nie;
2. Gebruik asb. so min as moontlik emoji’s wat nie deel is van ‘n ander boodskap nie. (soos bv. net ‘n hartjie, smiley of blommetiie);
3. Geen bakleiery of swartsmeerdery mag op die groep gebeur nie. Skakel eers direk die ander skakelouer, betrokke personeellid, die hoof of die direksielid voordat beskuldigings op die groep gemaak word;
4. Indien skakelouers bewus raak van klagtes en gesprekke wat die skool se reputasie of naam in gedrang stel, moet dit so gou as moontlik onder die hoof se aandag gebring word. Skakelouers moet ook sulke ouers aanmoedig om eerder hulle klagtes in skrif aan die hoof te rig.

Gimnasium groete.



E D Verrall

NS
Mev. Loise Swanepoel sal vir tyd en wyl verantwoordelikheid neem vir die skakelouers totdat ’n ander aanstelling gemaak word.

WE ARE PROUDLY ASSOCIATED WITH Gobabis TOYOTA